

27 April

Skrifgedeelte: Spreuke 24:26; 27:6

Fokusgedeelte: Spreuke 27:6

'n Vriend ... 'n ware Vriend

Ken jy die bekende uitdrukking: "Dit is vanweë verkeerde vriende ..."? Soos met voorspoed, is ons natuurlike benadering ten opsigte van vriende ten diepste selfsugtig. Jesus sê in Johannes 15:13, 14: "Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê. Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel."

Dit is Vryheidsdag. 'n Herinnering aan die eerste demokratiese verkiesing waarin almal in Suid-Afrika waarlik vryheid kan geniet. Dit is deur 'n jarelange vryheidstryd voorafgegaan waarin baie hulle lewens afgelê het. Die werklikheid vandag is 'n somber skildery van selfsug, selfverryking, selfbevrediging. Die vryheidstryd het ons nie werklik vriende van mekaar gemaak nie. Dit wat ons sê en doen, is tot eie voordeel. Korrupsie, tenderpreneurskap, misdaad en nepotisme het deur oneerlike woorde en antwoorde 'n lewenstyl geword. Vriendskap kry sy inhoud deur kos en drank. Solank die tafel oorlaai is, kan ons mekaar liefies omarm en soen ons mekaar vuurwarm.

Vriendskap het goedkoop geword. In moeilike tye laat dit te veel slagoffers na. Want vriendskap het liefde as inherente bestanddeel. So kosbaar is my vriend dat ek my lewe vir hom/haar aflê. Onhaalbaar vir enige mens. Selfs al het sovele hulle lewens vir ander afgelê om politiek vry te kan wees. Want die mens het nie eerstens politieke of ekonomiese vryheid nodig nie, maar vryheid van die sonde. Net Een kon dit doen: Jesus Christus. Die ware Vriend. Selfs al is ons politiek of ekonomies gebonde, is ons vry deur Hom wat sy lewe vir ons afgelê het.

'n Ware vriend gee hierdie evangelie as antwoord op die vraagstukke van die lewe. Jy is 'n vriend wanneer jy jou belange opoffer. Wees nugter in jou vriendskappe. Pasop om jou te verbind aan hulle wat maklik soene uitdeel. Jou Here Jesus het sy lewe vir jou afgelê, sodat jy vry kan wees. Gaan doen wat Hy jou beveel.

Sing: Psalm 11:22, 32 (Totius)

Ds. CA Jansen (Secunda)